

8 Desember

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 6:1-13

Fokusgedeelte: Galasiërs 5:22-23; 2 Korintiërs 6:5-7

Die Heilige Gees maak jou geduldig/verdraagsaam

Met wie was jy gister of vandag ongeduldig? Soms kan jy jouself net nie inhou nie, of kan jy? Is dit vir jou lekker as iemand met jou ongeduldig en onverdraagsaam is? Ek glo nie, hoekom is jy dan soms met ander ongeduldig?

“Makrothymia” is die Griekse woord. Letterlik beteken dit: om stadig te wees met iets, grootheid van gees of gemoed, om nie opvlieënd te wees nie, maar om so lank as moontlik uit te hou. Ja, geduld is die toestand van emosionele kalmte in die hitte van die oomblik, krisis of irritasie.

Sjoe, dit is iets mooi om te begeer, maar kan ek? Ja, jy kan! Die Heilige Gees woon in jou en geduld is nou, as deel van die vrug van die Gees, in jou! Jy het geen verskoning meer nie. God is geduldig met jou en nou moet jy geduldig wees met die mense om jou. Begin binne jou eie huis. Dit beteken nie dat jy sonde verdra nie, maar wel dat jy met die sondaar geduldig is. Die Heilige Gees maak jou geduldig en verdraagsaam, want so gaan jy ander mense aanraak en nader aan God bring.

Gaan nou na die een met wie jy ongeduldig was en begin van voor af. Wees geduldig as jy vanmiddag huis toe terugry. Wees geduldig met jou geliefdes. Kyk dan wat gebeur!

Sing: Skrifberyming 38:1

Ds. J van Schaik (Randburg)